

## Saterdag 2 Julie

**Skrifgedeelte: Handeling 1:1-8; lees ook Jesaja 43:8-13**

**Fokusgedeelte: Handeling 1:8**

### **Wees 'n getuie in God se wêreldhofspraak**

Handeling 1:8 maak ons deel van 'n hofspraak tussen die Drie-enige God en die gode van hierdie wêreld. Jesus staan in die beskuldigdebank. Nie in die hofspraak van Pilatus nie, maar voor die wêreld se opinie oor Hom. Die ongelowige nie-Christelike gemeenskap spreek aanhoudend oordele oor Jesus uit. Die duiwel – die owerste en regeerder van die ongelowige wêreld – kla Hom aan met duisende leuens en valse getuienis.

Die Heilige Gees is die Advokaat. Hy roep jou en my as getuies. Elkeen van ons moet antwoord gee:

- Wie is die enigste Here en Redder van die heelal?
- Watter plek beklee Hy in jou denke, jou hart, jou hele lewe?
- Wat getuig jou woorde en daede oor Hom?

Dit sal bepaal:

- hoe jy lewe;
- hoe jy gaan sterf;
- wat jou bestemming ná die dood gaan wees;
- hoe jy die wederkoms van Christus tegemoet gaan;
- watter getuienis uit jou woorde en daede sal spreek.

Die dissipels het 'n versugting gehad dat Jesus 'n soort politieke leier vir die volk Israel moes wees. Hulle vra: "Here, is dit nou die tyd dat U die koninkryk vir Israel weer gaan oprig?" Baie mense is meer bekommerd oor God se kalender as oor God self en die uitbreiding van sy koninkryk. Die Heilige Gees het 'n witwarm passie om Jesus Christus as enigste Here en Verlosser tot by die uiteindes van die aarde te proklameer.

- Wie moet die werk doen?
- "Julle!" sê Jesus.
- Hoe sal ons dit regkry?
- "Julle sal krag ontvang."
- Wanneer sal ons die krag ontvang?
- "Wanneer die Heilige Gees jou lewe beheers."

Die Heilige Gees maak jou 'n getuie in God se wêreldhofspraak.

*Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2*

*Dr. PJ Buys (Flip) (emeritus)*